

'n Gids tot

REG OP VERBLYFSEKERHEID OP PLASE



Uitgegee deur

Lawyers for Human Rights
SECURITY OF FARM WORKERS PROJECT

Geborg deur die

AMBASSADE VAN BELGIË



*Die Plaaswerkersekerheid-projek
wil ook die gewaardeerde steun van hul ander finansiers erken:*

**HRT 3000
FASTENOPFER
BROEDERLIJK DELEN**

**Lawyers for Human Rights
SECURITY OF FARM WORKERS PROJECT**

STELLENBOSCH

Ou Corobrick-gebou
Brugstraat
Plankenburg-nywerheidsgebied
Stellenbosch 7600

Posbus 719, Stellenbosch 7599

Tel.: 021 887 1003

Faks: 021 883 3302

E-pos: kamalm@mweb.co.za

Kontak

Kamal Makan (Projekkoördineerder)
Hilary Julius (Projekimplementeerder)
Patrick Luvuno (Projekimplementeerder)

UPINGTON

Kamer 101 & 102, Rivercity-sentrum
H.v. Scott- & Hillstraat, Upington 8801

Posbus 1877, Upington 8800

Tel.: 054 331 2200

Faks: 054 331 2220

E-pos: lhrupington@telkomsa.net

Kontak

Zunaid Julie (Projekimplementeerder)


Verblyfreg op plase

Lawyers for Human Rights–Security of Farm Workers Project kom elke dag in aanraking met plaaswerkers. Op dié manier het ons agtergekom baie okkuppeerders verkeer onder die wanindruk dat die *Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, Wet 62 van 1997* (ESTA) eiendomsreg op die persoon gee wat die huis op die plaas bewoon.

'n Plaaswerker **ontvang nie eienaarskap** van 'n huis wat aan hom op die plaas toegeken is nie. In die verlede, voor November 1997, was daar geen wetgewing wat plaaswerkers se regte op plase gereguleer het nie. Die gevolg hiervan was dat plaaswerkers onregverdig uitgesit is sonder dat daar enige hofproses gevolg is deur die grondeienaar. Derhalwe is ESTA in November 1997 gepromulgeer om die volgende te reguleer:

- Die voorwaardes vir verblyf op sekere grond soos plase
- Die voorwaardes vir en omstandighede waaronder mense se reg op verblyf op grond beëindig kan word
- Die regsproses wat deur die grondeienaar gevolg moet word voordat 'n plaaswerker uitgesit kan word.

Let wel: ESTA bepaal duidelik dat geen plaaswerker sonder 'n hofbevel uitgesit mag word vanaf 'n plaas nie.



Wie word deur ESTA beskerm?

'n Persoon wat toestemming van die grondeienaar of die persoon in beheer ontvang het om op die plaas te bly, word deur die Wet beskerm. Die toestemming kan mondeling gegee word (bv. waar die eienaar vir die plaaswerker sê dat hy/sy in 'n sekere huis op die plaas mag bly) of dit kan skriftelik wees (bv. in die vorm van 'n huurkontrak of as deel

van die indiensnemingskontrak). Ingevolge ESTA word mense wat meer as R5 000,00 per maand verdien, nie deur die Wet beskerm nie. Nadat toestemming ontvang is om op die plaas te woon, kan die plaaswerker beskryf word as 'n *okkuppeerder*, soos na so 'n persoon verwys word in ESTA.

Let wel: Slegs die persoon wat toestemming ontvang het om in die huis op die plaas te bly, word deur ESTA beskerm. Byvoorbeeld:



X en Y is getroud en het vier kinders. As X alleen na die grondeienaar toe gaan en verblyf en werk soek en die eienaar stem in, dan sal slegs X deur ESTA beskerm word. In dié voorbeeld sal Y en die kinders dan op die plaas bly ingevolge die reg wat X het om sy gesin by hom te laat woon. Dus het Y en die kinders nie 'n reg van hul eie om op die plaas te woon nie.


Kan 'n man en 'n vrou elkeen onafbanklike regte op verblyf hê?

Indien byvoorbeeld X en Y as 'n paartjie, hetsy getroud of in 'n saamleef-verhouding, die eienaar nader vir verblyf en die eienaar gee aan hulle albei toestemming, dan kan dit geag word dat sowel X as Y afsonderlike verblyfreg het. In hierdie geval word X sowel as Y deur ESTA beskerm.

Dit beteken dat daar met betrekking tot albei voldoen moet word aan al die bepalings in ESTA.

Let wel: Dit is belangrik om

datums aan te teken en ook om getuies te hê in die geval van enige optrede en of onderneming deur die grondeienaar.



Wie mag nie afgesit word nie?

'n Langtermyn-okkupeerder is iemand wat 10 jaar of langer op 'n plaas woon *en* ouer as 60 is *of* wat nie langer vir die grondeienaar kan werk nie as gevolg van swak gesondheid, ongeskiktheid vir werk of 'n besering. Langtermyn-okkupeerders se verblyfreg mag nie beëindig word nie, *behalwe* as hulle:

- doelbewus en wederregtelik iemand anders wat op die grond woon, skade aandoen
- doelbewus die eiendom van die grondeienaar beskadig
- gedrag openbaar wat 'n bedreiging vir ander okkupeerders is
- ander ongemagtigde mense help om nuwe wonings op die plaas op te rig
- 'n belangrike voorwaarde of bepaling rakende hul verblyf verbreek waaraan hulle in staat is om te voldoen, maar versuim het om dit te doen ten spyte van 'n maand kennisgewing om die voorwaarde na te kom. Byvoorbeeld, wanneer 'n okkupeerder ongemagtigde persone toelaat om by hulle te woon
- so 'n fundamentele verbodskending van die verhouding tussen hulself en die grondeienaar veroorsaak het dat dit ontmoontlik is om die verhouding te herstel. Byvoorbeeld, as die plaaswerker die boer aangerand het.

Fundamentele regte van okkuperders en eienaars

Die regte van sowel plaaswerkers as grondeienaars word deur die Grondwet beskerm, soos:

- Die reg op menswaardigheid
- Die reg op vryheid en sekuriteit van persoon
- Die reg op privaatheid
- Die reg op vryheid van godsdiens, oortuiging, mening en uitdrukking
- Die reg op vryheid van assosiasie
- Die reg op bewegingsvryheid


Okkuperders se reg op toegang tot dienste

Plaaswerkers het die reg op toegang tot basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie indien met die eienaar of persoon in beheer daarvoor ooreengekom

is toe hulle op die plaas aangekom het. Met ander woorde, wanneer 'n plaaswerker uitdruklike en/of stilswyende toestemming ontvang het om op die plaas te woon in 'n huis met elektrisiteit en die eienaar sny daarna die kragtoevoer af, word dit as onwettige optrede beskou en die plaaswerker kan vra dat die diens herstel word deur bemiddeling met die boer en/of die verkryging van 'n hofbevel.

Let wel: Om 'n okkuperder toegang

tot water te weier is onwettig ingevolge ESTA en kom op uitsetting neer.



Die okkuperder kan ingevolge ESTA strafregtelike klagte teen die boer indien sowel as 'n siviele regsmiddel aanvra deur middel van 'n hofbevel vir die herstel van die watertoevoer vir die huishouding.

Algemene regte wat okkuperders het

- Plaaswerkers/okkuperders het die *reg om besoekers te ontvang*, onderworpe aan redelike voorwaardes wat deur die eienaars gestel kan word, soos besoektye en hekke wat besoekers moet gebruik. Let wel: Die voorwaardes wat deur die eienaar gestel word, moet redelik wees. ESTA bepaal dat die plaaswerker aanspreeklik gehou kan word vir enige skade wat deur hul besoekers aangerig is as daar gevind word dat die okkuperder in staat was om redelike stappe te doen om sodanige skade te voorkom.
- Plaaswerkers het die *reg om pos en ander kommunikasie te ontvang*.
- Plaaswerkers het die *reg op 'n gesinslewe*. Byvoorbeeld, as X 'n okkuperder is, het hy die reg om sy vrou en kinders by hom te laat woon. ESTA brei die reg verder uit deur te noem “... 'n reg op 'n gesinslewe in ooreenstemming met die kultuur van daardie gesin ...”.

Dit *kan* dus die ouers van 'n okkupeerder, sy/haar eggenoot en ander lede van 'n uitgebreide familie soos skoonogters en kleinkinders insluit. Die belangrikste kriteria hier is dat hierdie familieledede afhanklik van die okkupeerder is, of andersom, en dat die hof oortuig moet kan word dat "... dit in ooreenstemming met die kultuur van daardie gesin is ..." dat hierdie familieledede by die okkupeerder woon. Elke geval moet individueel beoordeel word.

- Plaaswerkers het die reg om nie *toegang tot opvoedkundige of gesondheidsdienste* geweier te word nie.

Uitsettingsprosedure

Grondeienaar moet die okkupeerder se reg op verblyf beëindig

Voor uitsetting moet die grondeienaar eers die okkupeerder se verblyfreg beëindig. Die beëindiging kan in die vorm van 'n skriftelike kennisgewing wees, geadresseer aan die okkupeerder, waarin hy/sy in kennis gestel word om die woning te ontruim. Die kennisgewing moet ook die okkupeerder inlig op watter datum hy/sy die woning moet ontruim.

Let wel: Dit is belangrik om te verstaan op watter basis 'n okkupeerder reg op verblyf ontvang

het voordat 'n kennisgewing of brief vir beëindiging van verblyf gegee kan word.

Byvoorbeeld, die indiënsnemings- en/of huurkontrak moet tot 'n einde gekom het.

Indien indiënsneming die rede was waarom 'n okkupeerder op 'n plaas begin woon

het, dan moet die beëindiging van diens regverdig gewees het ingevolge

die *Wet op Arbeidsverhoudinge*. Indien 'n okkupeerder voel dat

hy/sy onregverdig afgedank is, het hy/sy 30 dae van die datum van

sy/haar ontslag om sy/haar klage na die *Kommissie vir Versoening,*

Bemiddeling en Arbitrasie te verwys. Eers wanneer die KVBA beslis dat die

okkupeerder regverdig ontslaan is, kan enige kennisgewing van beëindiging van

verblyf wat vir die okkupeerder gegee is, in werking tree.

Die voorwaarde/bepaling waarop die grondeienaar steun om die reg op verblyf te

beëindig, moet billik wees. Byvoorbeeld, as X 'n huurkontrak sowel as 'n werkkontrak

geteken het en X word regverdig afgedank, beteken dit nie noodwendig dat die

grondeienaar die reg sal hê om X se reg op verblyf te beëindig nie, want X se reg op

verblyf kan gekoppel wees aan die huurkontrak wat steeds geld.



Uitsetting van 'n okkupeerder

ESTA bevat verskillende bepalings/vereistes vir persone wat voor 4 Februarie 1997 okkupeerders geword het en vir dié wat na daardie datum okkupeerders geword het.



Uitsetting van 'n persoon wat voor 4 Februarie 1997 'n okkupeerder geword het

In die geval van 'n persoon wat voor 4 Februarie 1997 'n okkupeerder geword het, mag 'n hof 'n uitsettingsbevel teen die okkupeerder toestaan as hy/sy:

- doelbewus en wederregtelik iemand anders wat op die grond bly, skade aangedoen het
- doelbewus die eiendom van 'n boer beskadig het
- 'n bedreiging is vir ander okkupeerders wat op die grond woon
- ander ongemagtigde persone gehelp het om nuwe wonings op die plaas op te rig

en hierdie verbrekings nie deur die okkupeerder reggestel is nie.

'n Hof mag ook 'n bevel vir die uitsetting van die okkupeerder uitreik as:

- die grondeienaar aan al die bepalings van 'n ooreenkoms voldoen het, maar die okkupeerder versuim het om dit te doen ten spyte daarvan dat 'n kalendermaand skriftelike kennis gegee is om sy/haar verbreking reg te stel. Byvoorbeeld, as die okkupeer ingestem het om nie alkohol vanuit die woning te verkoop nie en dit in stryd met hierdie ooreenkoms toe wel doen.
- die okkupeerder die eienaar fisiek aanrand, aangesien dit dan onmoontlik kan wees om die verhouding tussen die okkupeerder en die grondeienaar te herstel.
- die okkupeerder 'n werknemer van die grondeienaar is of was en vrywillig uit diens bedank het, dan kan dit ook 'n rede vir uitsetting wees. Let wel: Okkupeerders moet regsadvies inwin voordat hulle besluit om te bedank.

As geeneen van die bogenoemde omstandighede van toepassing is nie, kan die hof 'n bevel vir uitsetting van die okkupeerder gee indien die hof oortuig is dat geskikte alternatiewe akkommodasie beskikbaar is vir die okkupeerder. Indien:

- die okkupeerder nie geskikte alternatiewe akkommodasie gevind het binne nege maande na die beëindiging van die verblyfreg nie
- die grondeienaar of die persoon in beheer die huis verskaf het waarin die okkupeerder woon
- of die werksaamhede van die grondeienaar ernstig benadeel sal word as die huis nie beskikbaar gestel kan word aan ander persone wat in diens geneem is nie

Kan die Hof 'n uitsettingsbevel toestaan indien dit regverdig en billik sou wees met inagneming van die pogings wat sowel die okkupeerder as die grondeienaar aangewend het om alternatiewe akkommodasie te bekom, én, *baie belangrik*, die belange van die onderskeie partye, soos hoeveel swaarheid dit vir die eienaar en die okkupeerder sal meebring, indien die bevel vir uitsetting toegestaan word of nie.

Uitsetting van 'n okkupeerder wat na 4 Februarie 1997 'n okkupeerder geword het

'n Hof kan 'n bevel vir uitsetting van mense wat na 4 Februarie 1997 'n okkupeerder geword het, gee as dit regverdig en billik is om dit te doen. Om dit te bepaal moet die hof kyk na:

- hoe lank die okkupeerder op die plaas gewoon het
- die billikheid van die ooreenkoms waarop die grondeienaar steun om die okkupeerder uit te sit

Byvoorbeeld, as X en Y getroud is en albei uitdruklike toestemming ontvang het om op die plaas te woon, is albei onafhanklike okkupeerders. Indien die grondeienaar 'n uitsettingsbevel vir X en Y vra op grond van 'n ooreenkoms wat slegs met X aangegaan is, kan die paartjie aanvoer dat hul uitsetting onbillik is omdat dit Y se onafhanklike status as 'n okkupeerder minag.

Let wel: Plaaswerkers/okkupeerders

wat moontlik uitgesit gaan word, moet by die betrokke plaaslike munisipaliteit aansoek doen om behuising en *bewys van hul aansoek bou*. Dit is belangrik om

bewyse te bou van pogings wat die okkupeerder aangewend het om ander geskikte behuising te kry – hou byvoorbeeld boek van die datums van waarop hy/sy ander verblyf gesoek het en die persoon by wie sy/hy navraag hieroor gedoen het.





- die beskikbaarheid van geskikte alternatiewe akkommodasie vir die okkupeerder
- die rede vir die beoogde uitsetting

As die rede vir die aansoek om die uitsettingsbevel die afdanking van die okkupeerder is, maar die manier waarop die werkgewer sy/haar diens beëindig het, was nie regverdig nie, kan die hof beslis dat dit nie regverdig en billik sal wees om 'n uitsettingsbevel toe te staan. Indien byvoorbeeld die grondeienaar die dissiplinêre verhoor hou waarin die werknemer daarvan aangekla word dat hy/sy onder die invloed van drank aan diens was en die dissiplinêre verhoor gehou is terwyl die werknemer steeds onder die invloed van drank was, dan kan daar aangevoer word dat die okkupeerder nie in staat was om die aard van die ondersoek behoorlik te verstaan nie, en onder hierdie omstandighede sal dit dus nie regverdig wees om vir sy/haar uitsetting te vra nie.



- die opweeg van die belange van die okkupeerder, die grondeienaar en die ander okkupeerders indien die hof 'n bevel vir uitsetting sou gee.

Kennisgewings aan die okkupeerder, munisipaliteit en die Departement van Grondsake

Ingevolge ESTA moet 'n grondeienaar wat die uitsetting van 'n okkupeer verlang, *twee maande kennisgewing* gee aan die okkupeerder, die betrokke munisipaliteit en die Departement van Grondsake van sy voorneme om aansoek te doen om 'n uitsettingsbevel. Hierdie kennisgewing moet op die voorgeskrewe vorm wees en kan deur die balju, per geregistreerde pos of deur 'n verteenwoordiger van die grondeienaar beteken word.

VORM E

KENNISGEWING AAN OKKUPERDER VAN DIE VOORNEME OM AANSOEKTE TE DOEN OM 'N UITSETTINGSBEVEL

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 9(2)(d)(i) VAN DIE WET OP DIE UITBREIDING VAN SEKERHEID VAN VERBLYFREG, 1997

Let wel: 'n Afsonderlike kennisgewing moet beteken word aan elke okkupeerder in die huishouding, uitgesonderd kinders onder die ouderdom van 18. Kinders onder die ouderdom van 18 kan gesitêr word in 'n kennisgewing wat aan 'n volwasse lid van die huishouding waarin hulle gewoonlik woonagtig is, beteken word.

Aan:

WYJNAND FIELIES

Kinders onder die ouderdom van 18:

1. RICARDO FIELIES

En aan:

KATHRINA FIELIES

2. RAYMOND FIELIES

BOSBOKPLAAS

WELLINGTON

Vul die naam en adres van die okkupeerder in.

Gebruik nog spasie indien nodig.

Nota aan balju wat hierdie kennisgewing beteken: U moet die deel in die skadublok voorlees in 'n amptelike taal wat die okkupeerder verstaan. Indien u nie self vaardig in daardie taal is nie, moet u 'n tolk gebruik. 'n Afskrif van hierdie kennisgewing in daardie taal en een in 'n ander amptelike taal moet aan die okkupeerder gegee word. Indien moontlik moet die afskrif wat aan die okkupeerder gegee is, deur hom of haar onderteken en gedateer word en aan die eienaar of persoon in beheer terugbesorg word as bewys van betekening.

Dit is 'n belangrike kennisgewing hierdie. Dit word aan u gegee ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, Wet 62 van 1997.

Hierdie kennisgewing beteken dat die grondeienaar of persoon in bevel voornemens is om binne twee maande of enige tyd daarna hof toe te gaan om te vra dat 'n uitsettingsbevel teen u uitgereik word. Die eienaar of persoon in beheer moet verseker dat u meegedeel word wanneer en waar die saak aangehoor sal word. Die redes waarom die uitsettingsbevel aangevra word, is soos volg:

U verblyfsreg het gespruit uit u dienskontrak welke regseldiglik beëindig is en daarmee saam u verblyfsreg

Gee 'n opsomming van al die redes waarom die uitsettingsbevel aangevra sal word. Bykomende bladsye kan aangeheg word indien nodig.

**Die grond waarop hierdie kennisgewing betrekking het, staan algemeen bekend as:
BOSBOKPLAAS, WELLINGTON, in die distrik WELLINGTON**

Gee 'n volledige beskrywing van die grond soos dit algemeen bekend is, met inbegrip van woon- en welgrond, en enige grond wat vir bewerking gebruik word.

Die grond word amptelik beskryf as:

GEDEELTE 3 van die PLAAS NOMMER 452, Divisie van DRAKENSTEIN

Gee die Aktekantoor se volledige beskrywing (indien enige) van die grond waarop die okkupeerder woon. In die geval van 'n plaas, moet dit insluit die gedeelte, naam en nommer van die plaas, en die naam van die distrik waarin die plaas geleë is.

Die opsomming van u regsposisie soos vervat in hierdie kennisgewing is onvolledig. Vir verdere inligting moet u 'n prokureur, 'n nieregteringsorganisasie of die Departement van Grondsake sonder versuim nader.

Geteken te op hierdie dag van 20.....
Vul die naam in van die distrik of naaste dorp of stad en vandag se datum.

*Teken hier en meld of opgetree word as eienaar of persoon in beheer.
Indien persoon in beheer, meld die hoedanigheid waarin hy of sy optree.*

Volle naam van eienaar of persoon in beheer van die grond:

JOHAN SNUMAN

Kontaktel.: **(021) 873 9243**

Kontakadres: **Posbus 143, WELLINGTON 7654**

Deur my ontvang te
op hierdie dag van 20..... om.....
Vul die naam in van die distrik of naaste dorp of stad, vandag se datum
en die tyd wanneer die kennisgewing ontvang is.

.....
Dit is raadsaam dat die okkupeerder of ander persoon wat die kennisgewing ontvang, hier teken.

Ek sertifiseer dat hierdie kennisgewing beteken is te
op hierdie dag van 20..... om.....
Vul die naam in van die distrik of naaste dorp of stad, vandag se datum en die tyd wanneer die kennisgewing beteken is.

.....
Handtekening en stempel van balju wat hierdie kennisgewing beteken.

Volle naam van balju wat hierdie kennisgewing beteken:

Posbenaming: Kontaktel./faks:

Kontakadres:

.....
.....
.....

Nog inligting

Dit is 'n belangrike kennisgewing hierdie. Dit word aan u gegee ingevolge die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, wat in 1997 deur die Parlement goedgekeur is. Die Wet gee u die reg om te woon op die grond waar u op 4 Februarie 1997 gewoon het of te eniger tyd daarna, mits u die toestemming gehad het van die eienaar of persoon in beheer. Dit gee u ook die reg om voort te gaan om enige ander grond te gebruik waarvoor die eienaar of persoon in beheer u toestemming gegee het om op of na daardie datum te gebruik.

Die Wet maak daarvoor voorsiening dat hierdie regte onder bepaalde omstandighede beëindig kan word. Die eienaar of persoon in beheer moet regverdig optree en die prosedures volg wat in die Wet uiteengesit is. Die eerste stap wat die eienaar of persoon in beheer moet doen, is om u woonreg te beëindig, waarna u hierdie kennisgewing gegee moet word. Hierdie kennisgewing beteken dat die eienaar of persoon in beheer van die grond beplan om binne twee maande of enige tyd daarna hof toe te gaan om te vra dat 'n uitsettingsbevel teen u uitgereik word. Die hof wat die saak aanhoor, sal óf die landdroshof in u distrik, óf die Grondeisefhof in Randburg (Gauteng) wees óf, indien u toestem, die provinsiale afdeling van die Hoë Hof verantwoordelik vir die gebied waarin u woon. Die eienaar of persoon in beheer moet verseker dat u meegedeel word wanneer en waar die saak aangehoor sal word.

Aansoek om die uitsetting van 'n okkupeerder

Die grondeienaar kan *twee maande* voor die datum van die verhoor 'n Kennisgewing van Mosie beteken in plaas van die bogenoemde kennisgewing.

Hierdie Kennisgewing van Mosie of aansoek beteken dat die grondeienaar die aansoek om uitsetting op die rol geplaas het by die betrokke hof vir 'n aansoek om die uitsetting van die okkupeerder. Hierdie kennisgewing moet *onmiddellik* na 'n regsverteenvoordiger geneem word, aangesien daar sekere prosedures en tydsperiodes is wat die prokureur wat namens die okkupeerder optree, moet nakom wanneer hy/sy met die prokureur vir die grondeienaar in verbinding moet tree.

IN DIE LANDDROFSHOF VIR DIE DISTRIK WELLINGTON GEHOU TE WELLINGTON

SAAKNO.:

In die saak tussen:

BOSBOK PLAAS

Applikant

En:

WYNAND FIELIES

1ste Respondent

KATHRINA FIELIES

2de Respondent

KENNISGEWING VAN MOSIE

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die Applikant van voorneme is om op die **31 OKTOBER 2006** teen **09:00** by bogemelde Agbare Hof aansoek te doen om 'n bevel met die volgende bepalinge:

1. Dat die 1ste en 2de respondent gelas word om die plaas, algemeen bekend as **BOSBOK, WELLINGTON**, te verlaat op 'n datum wat deur hierdie Agbare Hof vasgestel word;
2. Dat, indien die Respondente versuim om die plaas te verlaat op 'n datum wat deur hierdie Agbare Hof bepaal is, die Balju van hierdie Agbare Hof opdrag gegee sal word om 'n uitsettingsbevel teen die Respondente te bestel op 'n datum wat deur hierdie Agbare Hof vasgestel is;
3. Dat 'n afskrif van die uitsettingsbevel persoonlik aan die Respondente beteken word deur die bogenoemde Balju;
4. Verdere en/of alternatiewe regshulp; en
5. Koste van hierdie Aansoek.

GELIEWE VERDER KENNIS TE NEEM dat die bygaande beëdigde verklaring van **JOHAN SNUYMAN** gebruik sal word ter ondersteuning van hierdie aansoek.

NEEM VERDER KENNIS dat die Applikant **MARNIE & VENTER Prokureurs, Kerkstraat 395, Wellington** aangewys het as die adres waar dokumente in hierdie verrigtinge ontvang sal word.

NEEM VERDER KENNIS dat indien die Respondente voornemens is om hierdie Aansoek te bestry, hulle:

- (a) die Applikant se prokureurs binne 5 dae na betekening van hierdie Kennisgewing van Mosie deur die Balju van hierdie Agbare Hof daarvan in kennis moet stel;
- (b) binne 15 dae na betekening van die Kennisgewing van Mosie hul beëdigde antwoorde hierop aflewer by die adres van die Applikant se prokureurs van rekord wat aangedui is as die adres waar dokumente in hierdie verrigtinge ontvang sal word;
- (c) 'n adres verstrek binne 8 (agt) kilometer van hierdie Agbare Hof waar die Respondente dokumente in hierdie verrigtinge ontvang.

GEDATEER TE WELLINGTON OP HIERDIE 4DE DAG VAN AUGUSTUS 2006.

MARNIE & VENTER PROKUREURS
Prokureurs vir die Applikant

Per:

H. C. MARNIE

Kerkstraat 395

Wellington

Posbus 1441, Wellington

Tel.: (021) 873-4435

Faks: (021) 873-9548

(Ons verw. : Mnr. Marnie / Bosbokplaas/ B109)

AAN : DIE KLERK VAN DIE SIVIELE HOF
Landdroeskantoor, WELLINGTON

EN AAN : WYNAND FIELIES **Per Balju**
Eerste Respondent
Bosbokplaas, WELLINGTON

EN AAN : KATHRINA FIELIES **Per Balju**
Tweede Respondent
Bosbokplaas, WELLINGTON

EN AAN : DRAKENSTEIN-MUNISIPALITEIT **Per Geregistreerde Pos**
Posbus 18
WELLINGTON, 7654

EN AAN : DIE DEPARTEMENT VAN GRONDSAKE **Per Geregistreerde Pos**
3de Verdieping, Nedbank-sentrum
Strandstraat 63, KAAPSTAD 8001

Waarop is 'n okkupeerder geregtig wanneer 'n hof 'n bevel vir uitsetting gee?

As 'n hof 'n bevel gee vir die uitsetting van die okkupeerder, kan die Hof beveel dat die grondeienaar die okkupeerder vergoed vir enige verbetering en/of strukture wat hy by sy huis aanbring het. Byvoorbeeld, die Okkupeerder kan ook vergoed word vir enige groente wat geplant is.

Die hof kan ook gelas dat die grondeienaar aan die okkupeerder alle uitstaande lone en bedrae waarop die okkupeerder geregtig is ingevolge die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* en/of *Wet op Arbeidsverhoudinge*, betaal.


Die okkupeerder moet byvoorbeeld uitstaande verlof wat hom/haar toekom, uitbetaal word en geld wat volgens uitbetalingspakkette verskuldig is.

Geen okkupeerder mag sonder 'n hofbevel uitgesit word nie

Volgens wet mag geen plaaswerker/okkupeerder sonder 'n hofbevel uitgesit word nie. Sulke sake moet onmiddellik by die naaste kantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) aangemeld word. As die SAPD weier om 'n okkupeerder van hulp te wees, moet hy/sy daarop aandrang om die stasiebevelvoerder van die betrokke polisie kantoor te spreek. Indien 'n okkupeerder wat sonder 'n hofbevel uitgesit is, wil terugtrek na die plaas en die grondeienaar dit nie wil toelaat nie, moet die okkupeerder in verbinding tree met 'n regsverteenvoerder, wat hom/haar kan help om hul reg te herstel om weer op die plaas te woon.

Let wel: Geen persoon

mag uitgesit word voordat alle uitstaande gelde betaal is nie.



Let wel: Dit is 'n strafbare oortreding om 'n okkupeerder uit te sit


sonder 'n hofbevel en

'n okkupeerder

kan 'n straf-regtelike klag

teen 'n grondeienaar

indien hy/sy sonder 'n hofbevel uitgesit is.



Wat gebeur as die plaas verkoop word?

Wanneer 'n plaas verkoop word, bly die regte wat die okkupeerders gehad het, dieselfde. Die regte wat die ou grondeienaar vir die okkupeerder gegee het, word na die nuwe grondeienaar oorgedra.

Proefbeampteverslag

Ingevolge ESTA moet die hof wat 'n uitsettingsaansoek aanhoor, die plaaslike distrikskantoor van die *Departement van Grondsake* versoek om 'n verslag op te stel. Die verslag moet na die volgende faktore kyk:

- die beskikbaarheid van geskikte alternatiewe akkommodasie vir die okkupeerder
- hoe 'n uitsetting die grondwetlike regte van die betrokke persone sal raak, byvoorbeeld kinders se reg op opvoeding, die reg op verblyfsekerheid en die reg op geskikte huisvesting.
- Die mate van swaarheid waaraan 'n okkupeerder blootgestel gaan word as gevolg van 'n uitsetting.

Die beampte van die betrokke kantoor van die *Departement van Grondsake* sal dus die okkupeerder besoek by die huis om al hierdie inligting te kry. Die verslag is belangrik en kan 'n rol speel wanneer die hof besluit om 'n bevel vir uitsetting te gee of nie.